



Suid-Afrika

Eko-wol

eties & volhoubaar

Self assessering vir die wolbedryf

'n padkaart vir etiese, volhoubare wolproduksie



Hierdie dokument is baanbrekerswerk.

Meer nog, dit is 'n gesamentlike poging deur prominente rolspelers in die bedryf.

Wolproduksiestandaarde Assesseringsprojek

Voorwoord

In 'n wêreld waar verbruikers toenemend waarde heg aan natuurlike produkte wat sosiaal-verantwoordelik en omgewingsvriendelik geproduseer is, word dit al hoe belangriker om hierdie begrippe duidelik te omskryf. Vir die boer is dit belangrik om te weet watter betekenis woorde soos 'organies', 'diere-vriendelik', 'omgewingsvriendelik' en 'sosiaal-verantwoordelik' in die praktyk het. Wat is aanvaarbaar en wat is nie? Vir die verbruiker is dit belangrik dat daar 'n betroubare waghond organisasie is, wat die nodige riglyne opstel en die toepassing daarvan monitor. Vir prosesseerders en bemerkers is hierdie 'beeld van 'n bedryf' 'n onmisbare deel van enige promosie gerig op die nuwe verbruikerswaardes.

Hierdie dokument is baanbrekerswerk. Meer nog, dit is 'n gesamentlike poging deur prominente rolspelers in die bedryf. Dit kan daarom tereg verwag word dat dit 'n betroubare instrument sal word, en dat dit grootliks gaan bydrae tot die verdere uitbouing van die skaap-en wolbedryf.



Almero de Lange
Voorsitter: Wolforum van SA

Agtergrond

Die EU Eko-etiket standaard, Beste Landbou Praktyke of 'Global GAP', 'Fair Trade' en Organiese produksiepraktyke is almal internasionale standaarde wat sy toepassing in die produksie van gehalte wol- en veeboerdery vind. Die toepassing van beste produksiemetodes is inherent tot Suid Afrikaanse produsente, terwyl spesifieke standaarde op die voorgrond kom wanneer die vraag daarna ontstaan. Die doel van die dokument is juis om relevante standaarde te stel waaraan 'n produsent homself kan meet. Dieregesondheid en welsyn, asook hulpbron- en sosiale bestuurspraktyke kan op hierdie wyse nagestreef word. Die langtermyn doelwit is om identiteit aan deelnemende produsente te gee wat die beeld van produsente sal uitbou en verder sal bydra om die bemerkbaarheid van die Suid-Afrikaanse skeersel te verhoog.

Wolprodusente behoort nie deur enige van die standaarde ontmoedig te word nie. Al word daar nie op die kort termyn aan al die standaarde voldoen nie is dit wel belangrik dat deelnemende produsente 'n doelbewuste besluit neem om sy boerderypraktyke sodanig aan te pas.

Die simboliek van die kenteken illustreer juis die versagtende voetspoor wat die bedryf, deur die toepassing van beste praktyke, op die omgewing agterlaat.

Die standaard wat in die dokument uiteengesit is word deur 'n Beste Praktyk Handleiding vir Wolskaapboerdery gerugsteun. Hierdie handleiding is in samewerking met Departement van Landbou: Wes-Kaap (Elsenburg),



Die Lewende Hawe en Produksiegroep van die Suid Afrikaanse Veeartseny Vereniging, Woolworths, die Nasionale Departement van Landbou (NDL), LNR Diereproduksie Instituut en die Nasionale Dierebeskermingsvereniging (NDBV) ontwikkel.

'Eko- etikette het ten doel om die impak wat produksie-praktyke op die omgewing het, onder die aandag van die verbruiker te bring en die toepassing van omgewingsvriendelike praktyke te bevorder. Die term verbruikers sluit die individuele kleinhandelaars, aankopers van regeerings- en ander groot instansies in. Produksieseeie en produkvoorkeure word op die manier ontwikkel. Produsente en verkopers moet, as die eko-etiket stelsels doeltreffend is, op 'n manier daarvoor vergoed kan word. Dit kan gebeur deur verbeterde produkte te lewer of om deur die toepassing van beter inset/produksie praktyke of tegnologie, die impak wat die produk op die omgewing het te verlaag. Produsente van omgewingsvriendelike produkte kan by bestaande omgewingsvriendelike bemerking tegnieke inskakel om 'n gedifferensieerde produk op die mark plaas. Daar is potensiele voordele van 'n groter en meer stabiele marktaandeel, asook 'n beter beeld onder die verbruikers. Om die mark vooruit te wees behoort reeds as aanmoediging te dien om by die inisiatief in te skakel.

Die volgende instansies en rolspelers was by die ontwikkeling van die assesseringsinisiatief, wat deur die Adviesdiens van die Nasionale Wolkwekersvereniging van SA gekoördineer is, betrokke.

Spesiale vermelding word van die volgende persone en instansies gemaak.

Cape Wools

Mnr. Andre Strydom

Departement van Landbou: Wes-Kaap Elsenburg:

Me. Ansie Scholtz, Prof. Schalk Cloete, Me. Plot du Toit, Dr. Dirk Troskie, Me. Liesl Muller en Dr. Kobus Loubser

NCPC van Suid Afrika

Me. Budu Manaka, Mnr. Andre Page en Me. Fathima Boltman.

Me. Claire Janisch (Eco-etiket ontwikkelings konsultant)

Me. Aletta Venter (BDASA)

Die Lewende Hawe en Produksiegroep van die Suid Afrikaanse Veeartseny Vereniging

Dr. Danie Odendaal

Woolworths

Mnr. Hugo Lemon

Universiteit van Pretoria

Prof. Gustaf Duvel, Dr. Fanie Terblanch en Dr. Joe Stevens

LNR Diereproduksie-Instituut

Dr. Johann van Heerden

Die verdere ontwikkeling van die inisiatief sal deur die volgende bestuurskomitee koördineer word.

Produkkwaliteit

Dr. Francois Barkuysen - CSIR

Dierewelstand

Dr. Danie Odendaal



Biodiversiteit SA Veterinêre Vereniging
Me. Sophie Susman
Green Choice (Conservation International)
Handel en Nywerheid Me. Marba Visagie - DTI
Skoon Produksie stelsels Mnr Andre Page NCPC, DEAT
Kleinhandel Mnr. Hugo Lemon - Woolworths
Bedryfs verteenwoordiging Mnr. Andre Strydom - Cape Wools
Produsent Mnr. Pieter Steyn, Silwermy n Malmesbury
Projek Bestuurder Mnr. EF (Smiley) de Beer - NWKV

Dokumentasie oor die program, die Beste Praktyk Handleiding en Asseseringsdokumente sal, waar nodig, op 'n jaarlikse basis opgradeer word. Dokumentasie is op die volgende webtuistes beskikbaar.
www.nwkv.co.za
www.capewools.co.za
www.elsenburg.com

Wat behels die inisiatief en hoe kan u by die Eko-Wol Inisiatief betrokke raak?

Dit is belangrik dat soveel moontlik en uiteindelik alle produsente aan hierdie gehalte monitering proses deelneem. Dit sal bepalend wees tot die verdere ontwikkeling daarvan. Bemarkingsgeleenthede mag hieruit voortspruit. Vir die nodige erkenning kan produsente deur middel van 'n gekoördineerde self-assesering stelsel hierby inskakel. Dit is ook 'n inligting oordragingsgeleentheid wat kan verseker dat die skaap- en wolbedryf gelykmatig (gelyktydig en vergelykbaar) op 'n nasionale basis ontwikkel.

Deelname behels dat die vrae in die teenwoordigheid van 'n persoon met die nodige agtergrond kennis ingevul word, waarna dit elektronies verwerk sal word. Elke deelnemer sal van 'n EU eko-etiket, 'Global GAP' 'n Organiese standaard en 'n 'Fair Trade' nakoming verslag voorsien word wat die mate waartoe aan die vereistes voldoen word sal aandui. Hiervolgens sal daar 'n brons, silwer, goud of platinum produksie status toegeken word. Die nakomingsvlak van die standaarde kan as 'n aanduiding van die deelnemer se gereedheid vir sekere sertifiserings programme dien, terwyl vergelykende toepassing vlakke daarvan mettertyd binne distrikte, streke en provinsies getref kan word. 'n Eenvoudige stelsel vir die bepaling van produksienorme vorm deel hiervan. U is welkom om die dokument op u eie deur te werk en formeel betrokke te raak wanneer u daarvoor gereed is.

Skakel u naaste NWKV Streekskantoor om dadelik hierby in te skakel.

Beantwoord die volgende vrae deur afmerking in die toepaslike ruimtes

Produkkwaliteit en Naspeurbaarheid

1 Besoedeling

1.1 Hoe beoordeel u die nakoming van 'n geïntegreerde bestuurstelsel ten opsigte van besoedeling?

Is krale, vangkrale en die skeerhok vry van baaltou?

Word die skeerhok voor skeertyd skoongemaak?

Word honde in die skeerhok verbied?

Word skape wat besoedeling kan meebring laaste geskeer? ens

- Baie goed
- Goed
- Gemiddeld
- Swak
- Baie swak

1.2 Watter tipe vreemde materiaal kan in u skeersel voorkom?

- Hare
 - Kemp
 - Verbode sade
 - Baaltou
 - Olie
 - Verf-kleurstof
 - Ander (noem voorbeelde)
-
- Geen

1.3 Van watter soort materiaal maak u gebruik om wolbale te onderverdeel?

- Papier/karton
 - Ander
-

1.4 Watter tipe rekords hou u van insetkoste in die produksie van wol en vleis?

- Rekenarlêers
- Datalêers
- Informeel
- Geen



1.5 Watter tipe rekords hou u van produkte wat verkoop is?

- Rekenaarlêers
- Datalêers
- Informeel
- Geen

1.6 Wat doen u om higiëne in die skeerhok te verseker?

- Siek skape word nie daar aangehou nie
- Velle word nie daarin gestoor nie
- Gif word nie daarin gemeng nie

2 Chemiese residu

2.1 Watter soort rekords hou u van chemikalieë wat op die plaas gebruik word?

- Voorraadlys
- Aankoopdatums
- Verbruik
- Verbruikdatum
- Vervaldatum
- Geen

2.2 Kom u die onthoudingsperiode van dipstowwe in die bemerking van u wol na?

'n Twee maande onthoudingsperiode word vir alle uitwendige parasiet middels aanbeveel om teoreties aan EU standaarde van minimum residuvlakke in wol te voldoen. Diflubenzuron (fleececare, waarvan die onthoudingsperiode 6mnde is) is die enigste produk wat hierby uitgesluit word.

- Ja
- Onseker
- Nee

2.3 Kom u die onthoudingsperiode op weidings wat met insekte, plantsiekte en plantdoders behandel is, na?

- Ja
- Onseker
- Nee

2.4 Sou u 'n verpligte toets van skeersels vir chemiese residu vlakke ondersteun?

Suid Afrika beskik oor die fasiliteit. Koste beloop nagenoeg R1000 per toets. Dit sal deur enige toekomstige sertifiseringstelsel afgedwing word.

- Ja
- Onseker
- Nee

3 Vee Identifikasie en Beheer

3.1 Word u skape individueel geïdentifiseer?

- Ja (nommer)
- Groep
- Nee

3.2 Wanneer tatoeër u die skape?

- As lammers
- Met bemarking
- Geen

3.3 Rapporteer u veediefstal?

- Ja
- Soms
- Nee

4 Dieregesondheid en Welstand

4.1 Hoe bestuur u die gesondheid van u kudde?

Kennis van gereelde en sporadiese siektes in die area, voorkoming, beheer en monitering.

- Formele plan
- Informeel
- Geen plan

4.2 Wat doen u met betrekking tot die bestuur van inwendige parasiete?

Die FAMACHA instrument, die dosering van enkele skape in 'n swak kondisie, die behoud van 'n parasiet genepoel is belangrike praktyke om weerstand teen middels te beperk.

- Selekteer daarteen
- Doseer strategies
- Doseer voorkomend
- Rekords

4.3 Wat neem u in ag by die bestuur van uitwendige parasiete?

Luisbesmettings verhoog die gebruik van dipstowwe. Dit kan deur goeie bestuurspraktyke beperk word.

- Kennis van siektes
- Rekords vir naspeurbaarheid
- Vee-aankope onder kwarantyn
- Korrekte behandeling
- Rekords van behandeling

4.4 Wat neem u in ag by die inenting van skape?

- Kennis van siekte
- Kennis van produk
- Behoud van verkoelingsketting
- Voorkomende behandeling
- Rekords

4.5 Word drinkwater gereeld vir die geskiktheid vir skape getoets?

- Water word getoets
- Water word nie getoets nie
- Rekords

4.6 Hoe maak u voorsiening vir beskerming teen uiterste weersomstandighede?

- Beskutting
- Skaduwee
- Geen

4.7 Hoe maak u vir droogtejare voorsiening?

- Rus van kampe
- Voerbank
- Konserwatiewe belading
- Aanpasbare produksiestelsel (kudde-samestelling)

4.8 Watter van die volgende bestanddele word in u rantsoen ingesluit?

- Ureum
- Koksidiostate
- Hormone
- Sintetiese apytwekkers
- Antibiotika
- Groeistimulante

- Diereprodukte
- Geen van bogenoemde

4.9 Is die oorsprong van enige gedeelte van u veevoer van geneties gemanipuleerde produkte?

- Ja
- Weet nie
- Nee



4.10 Hoe beheer u knaagdiere in voerstore?

- Plan
- Selektiewe vangmetodes
- Monitering
- Rekords
- Nie van toepassing

4.11 Watter persentasie veevoer word op u plaas produseer?

- 100%
- 80-100%
- 50-80%
- Minder

4.12 Word van u skape in 'n voerkraal afgerond?

- Ja
- Soms
- Nee

4.13 Gebruik u homeopatiese of natuurlike middels vir die beheer van inwendige en uitwendige parasiete?

Weidings wat hoog in proteïen en tannien is bied natuurlike weerstand teen parasiete.

- Ja
- In kombinasie

Nee

Rekords

4.14 Hoe dikwels word u skape in 'n jaar teen inwendige parasiete behandel?

- Twee keer en minder
- Meer as twee keer
- Rekords

4.15 Watter van die volgende praktyke volg u nadat u wolskape met dipstowwe behandel is?

- 2mnde onthoudingsperiode
- 4mnde onthoudingsperiode
- Geen
- Rekords

4.16 Wat doen u, weidingsbestuur uitgesluit, om u skape se afhanklikheid van parasietmiddels te verminder?

- Aanwending van biologiese metodes vir brommerbeheer (Luci-Trap)
- Onderhou lyndrade
- Moniteer skeerders vir moontlike siekte-oordraging
- Kwarantyn aankope (skape)
- Bewyse van vorige behandelings word by verkoper aangevra
- Geen
- Nie van toepassing

4.17 Watter van die volgende beskryf u stoorplek vir veeartsenykundige produkte

- Gestoor volgens etiket-instruksies
- Veilig en gesluit
- Goeie beligting
- Apart van ander produkte
- Verkoel soos nodig volgens voorskrifte
- Prosedures vir noodgevalle
- Skoon water vir bv. oogspoel
- Medisynes word in oorspronklike houers gestoor

4.18 Wat doen u wanneer skape beseer of siek is?

- Isoleer wanneer nodig
- Behandel
- Moniteer
- Rekords
- Geen

4.19 Wat is u houding teenoor dierewelsyn beginsels?

Beskou u diereregte as belangrik?

- Genoegsame voeding vir groei en reproduksie
- Voorkom pyn, beserings en siektes deur goeie dieregesondheidspraktyke
- Voorsien 'n omgewing vir natuurlike gedrag
- Beskerming teen spanning en ongemak

- Beskerming teen roofdiere
- Beskerming teen gevaarlike weersomstandighede
- Korrekte gebruik van gesondheidsprodukte en voorkoming van blootstelling aan onnodige of onwettige gifstowwe of plante
- Stel nie belang nie

4.20 Word die skape op u plaas gemules

- Ja
- Nee



Hulpbronbeskerming en Bestuur

1 Hoe bestuur u die omgewing waarbinne u boer?

Goeie beplanning vir 'n volhoubare boerdery. 'n Plan en rekords moet beskikbaar wees vir die bewaring van fauna en flora. Sensitiewe gebied is afgekamp, erosie beheer, water besoedeling, indringerplante en grond verbetering.

- Baie ondersteunend
- Ondersteunend
- Huiwerig
- Ondersteun nie
- Ondersteun glad nie

2 Water van die volgende neem u in ag om die impak van u bestuurstelsel op die omgewing te bepaal?

- Grondverbeteringsplan
- Veld- en of weidingsvolhoubaarheidsplan
- Waterbewaringsplan
- Geen

3. Grond

3.1 Watter praktyke volg u om die vrugbaarheid en die struktuur van u grond in stand te hou en om erosie op bewerkbare lande te voorkom?

3.1.1 Kontoere

- Doeltreffende kontoere
- Sommige nie funksioneel

- Het nie kontoere nie
- Nie van toepassing

3.1.2 Gewasrotasie

- Rotasie
- Monokultuur

3.1.3 Waterweë (water afleibane)

- Goed onderhou
- Swak toestand
- Geen
- Nie van toepassing

3.1.4 Bewerking

- Minimum
- Konvensioneel/afwisselend
- Geen
- Nie van toepassing

3.1.5 Monitering van Grondvrugbaarheid

- Gereelde grondontledings
- Gereelde blaarontledings
- Soms
- Geen

3.1.6 Kunsmis toedieningspraktyke

- Organiese bemesting
- Organies en sinteties
- Sinteties (volgens voorskrif of minder)
- Sinteties (volgens maksimum potensiaal)
- Nie van toepassing

3.1.7 Beheerde verkeer (tremlyn)

- Word toegepas
- Word gedeeltelik toegepas
- Word nie toegepas nie
- Nie van toepassing

3.2 Watter praktyke volg u om die vrugbaarheid en die struktuur van u grond in stand te hou en om erosie op die veld te voorkom?

3.2.1 Drakrag van grond

- Volgens die voorskrif en minder
- Meer as die voorskrifte
- Nie van toepassing

3.2.2 Rus van veld in kampstelsel

- 20% seisoensrus
- Minder as 20% seisoensrus
- Geen plan
- Nie van toepassing

3.2.3 Kampe

- Voldoende kampe
- Onvoldoende kampe
- Nie van toepassing

3.2.4 Beheer van bosindringing/indringer plante

- Stelselmatige beheerplan
- Sporadies
- Geen plan
- Nie van toepassing

3.2.5 Hoe monitor u die toestand van veld

- Wetenskaplike tegniek
- Subjektief
- Geen
- Nie van toepassing

3.2.6 Watter van die volgende verteenwoordig u benadering ten opsigte van 'n organiese boerderystelsel?

- Boer daarvolgens
- Oorskakeling na organies is belangrik
- Organies is goed maar onprakties
- Onuitvoerbaar

4 Herwinning

4.1 Watter praktyke word gevolg om grondstruktuur en vrugbaarheid met erdwurms, miskruiers en herwinnings praktyke te verbeter?

- Minimum bewerking
- Groen bemesting
- Komposbemesting
- Geen
- Nie van toepassing

5 Water

5.1 Behoort u aan 'n water verbruikersvereniging vir u area?

- Ja
- Nee
- Bestaan nie
- Nie van toepassing

5.2 Hoe belangrik is die rol van 'n water verbruikersvereniging om die volhoubare verbruik daarvan op plase te monitor?

- Belangrik
- Twyfelagtig
- Onbelangrik
- Nie van toepassing

5.3 Watter van die volgende water besparing/bewaringspraktyke word op u besproeiingsplaas gevolg?

- Besproeiing word volgens verdamping, ens gestruktureer
- Beheer afloop van besproeiingswater
- Voorkom afloop deur korrekte toediening
- Nie van toepassing



5.4 Watter van die volgende water besparing/bewaringspraktyke word op u plaas gevolg?

- Instandhouding van voldoende veldbedekking
- Instandhouding van waterweë
- Hergebruik afvalwater
- Geen
- Nie van toepassing

5.5 Hoe dikwels word u besproeiingswater vir die kwaliteit daarvan vir boerdery doeleindes getoets?

- Soos toestand dit vereis
- Nooit
- Nie van toepassing

5.6 Watter van die volgende praktyke word aangewend om seker te maak dat korrekte hoeveelhede besproeiing toegedien word?

- Besproeiingstelsel volgens grondtipes
- Besproeiingstelsel volgens gewastipes
- Gereelde toetse vir doeltreffendheid
- Gereelde onderhoud (spuitkoppe en lekke)
- Geen
- Nie van toepassing



5.7 Voldoen die water beskikbaarheid op u plaas aan u boerdery behoeftes?

- Ja
- Nee
- Weet nie

6 Brand

6.1 Behoort u aan 'n brandbestrydingsvereniging?

- Ja
- Nee
- Bestaan nie
- Nie van toepassing

6.2 Hoe beplan u teen onbeplande brande wat u grond en eiendom kan beskadig?

- Brandpaaie
- Opgeleide werkers
- Toerusting beskikbaar
- Geen
- Nie van toepassing

7 Landbouchemikalië

Die volgende vrae is met verwysing na beheermaatreëls met sintetiese produkte en geregistreerde etiket verwysings

7.1 Hoe bestuur u die gebruik van onkruid- en plantsiekteprodukte en insekdoders op weidings en die invloed wat dit op skape mag hê?

- Wei/spuitplan
- Onthoudingsperiodes
- Geen onthoudingsperiodes
- Nie van toepassing

7.2 Hoe bestuur u die gebruik van onkruidprodukte en insekdoders op weidings met betrekking tot die volhoubare doeltreffendheid daarvan?

- Groepe word afgewissel
- Aanbevole/korrekte dosis
- Geen plan
- Nie van toepassing

7.3 Wat doen u buurplase om insekte en onkruid te beheer?

- Gebruik chemiese beheer
- Beperkte chemiese beheer
- Geen chemiese beheer
- Nie van toepassing

7.4 Wat doen u om u afhanklikheid van onkruidprodukte en insekdoders te verminder?

- Beheer parasiete met weidingsbestuur (beeste dan skape)
 - Doeltreffende onkruidbeweiding
 - Doeltreffende beheer (uitkap van onkruid)
 - Aanwend van predatore teen insekte
 - Tandbewerkingspraktyke
 - Ander (noem)
-
- Geen
 - Nie van toepassing

7.5 Watter van die volgende beskryf u stoorplek vir chemiese produkte?

- Toegesluit met gevaarteken
- Beheerde toegang
- Noodhulp
- Stoor volgens etiket

- Goeie beligting
- Water om mee te was
- Meng-area
- Veiligheidsklere
- Veilige vernietiging
- Rekordboek
- Geen

7.6 Word daar slegs van wettig geregistreerde produkte op u plaas gebruik gemaak?

- Altyd
- Soms
- Nooit
- Nie van toepassing

7.7 Word chemiese produkte slegs volgens die wettig geregistreerde voorskrifte gebruik?

- Altyd
- Soms
- Nooit
- Nie van toepassing

8 Biodiversiteit

8.1 Hoe word biodiversiteit op u plaas bevorder en onderhou?

- Beskerm inheemse fauna en flora volgens 'n plan
- Korrekte beweidingspraktyke
- Onderhou sensitiewe areas (vleilande en dierelewe bewaar-areas)
- Verantwoordelike bestuur van roofdiere
- Geen
- Nie van toepassing

8.2 Word roofdiere (skade veroorsakende diere) op u plaas beheer?

- Altyd
- Soms
- Nooit
- Nie van toepassing

8.3 Noem praktyke wat gevolg word om skade veroorsakende diere te bestuur?

- Teiken probleemdiere
- Hou rekords (ouderdom, geslag, maaginhoud)
- Skakeling met Natuurbewaring
- Gebruik afskrikmiddels
- Anatoliese honde of alpacas ens.

- Geen
- Nie van toepassing

8.4 Gebruik u gif om skade veroorsakende diere te beheer?

- Altyd
- Soms
- Nooit
- Nie van toepassing

8.5. Gebruik u slagysters om skade veroorsakende diere te beheer?

- Altyd
- Soms
- Nooit
- Nie van toepassing

8.6. Gebruik u geneties gemanipuleerde organismes op u plaas?

- Altyd
- Soms
- Nooit
- Weet nie
- Nie van toepassing

9 Energie

9.1 Watter voorsorgmaatreëls word op u plaas getref om energie te bespaar?

Praktyke soos minimum bewerking, gewasrotasie-stelsels om sintetiese stikstof toediening te beperk, plaaslike aankope en verkope, doeltreffende verpakkingsmateriaal – koolstof doeltreffendheid – gebruik voertuie vir doel is enkele voorbeelde.

Voorbeelde:

- Onseker
- Geen voorbeelde



9.2 Watter van die volgende is voorbeelde van hoe energie op u plaas herwin word?

- Son
- Wind
- Water
- Bio-brandstof
- Ander
- Geen

10 Afval

10.1 Hoe word afval op u plaas bestuur? (degradeerbaar en nie-degradeerbaar)

- Voorkom die afloop van chemiese middels
- Voorkom die afloop van sintetiese misstowwe
- Was 3x, maak gate en vernietig houers
- Geen
- Nie van toepassing

10.2 Hoe word afval op u plaas herwin?

- Herwin produkte
- Geen herwinning
- Geen formele herwinningsfasiliteit beskikbaar nie

Sosiale en Kulturele verantwoordelikhede

1 Erfenis en kultuur

1.1 Is kultuur sensitiewe areas op u plaas geïdentifiseer

bv. tradisionele begraafplase, ens.

- Ja
- Weet nie
- Nee
- Nie van toepassing

1.2 Word kultuur sensitiewe areas op u plaas respekteer?

Instandhouding en onderhoud

- Ja
- Nee
- Nie van toepassing

2 Swart ekonomiese bemagtiging (SEB)

2.1 Wat word op u plaas gedoen om opleiding en vaardigheidsontwikkeling in die werkplek te bevorder?

- Vaardigheidsontwikkelingsplan met loopbaanvooruitsigte
- Kort kursusse (formele opleiding)
- Informele opleiding
- Ontwikkeling deur te doen en leer
- Rekords word gehou

- Geen
- Nie van toepassing

2.2 Watter van die volgende stellings beskryf u benadering teenoor SEB?

- Dit moet ondersteun word
- Ek sal aan minimumvereistes voldoen



- Gekant daarteen
- Nie van toepassing

2.3 Aan watter van die volgende SEB vereistes voldoen u?

Ja >5 Miljoen rand omset

- Eienaarskap (aandele, ens.)
- Bestuursinsette
- Gelyke indiensneming (vroue, ens.)
- Vaardigheidsontwikkeling (geletterdheid, ens)
- Voorkeuraankope (ondersteun instansies met SEB nakoming)
- Eenheidontwikkeling (windsdeling, marktoegang, ens)
- Sosiale onderbou (behuising, vervoer, ontspanning, ens)
- Geen
- Nie van toepassing

3 Vaardighede: gekontrakteerde werknemers

3.1 Aan watter standarde voldoen die skeerders wat by u diens doen?

- Formele opleiding
- Informele opleiding
- Weet nie

3.2 Aan watter standarde voldoen die wolklassers wat by u diens doen?

- Formele opleiding
- Informele opleiding
- Weet nie

3.3. Arbeidstandaarde

Watter van die volgende standarde is by u van toepassing?

- JA NEE Werknemers verstaan die basiese voorwaardes van die indiensnemingsakte
- JA NEE Rekords word van werknemers gehou soos deur die wet bepaal
- JA NEE Werknemers het toegang tot behuising met krag, sanitasie en water
- JA NEE Die wet op beroepsveiligheid word onderskryf
- JA NEE Daar is 'n dissiplinêre kode
- JA NEE Alle werknemers het 'n getekende kontrak
- JA NEE Werknemers is geregistreer vir werkloosheid en ongevalle vergoedingsvoordele
- JA NEE Is u by die ontvanger van inkomste as werkgewer geregistreer?
- JA NEE Word u werknemers se jaarlikse verlof bereken volgens die wet op indiensneming?

3.4. Het u voldoende fasiliteite om kontrakwerkers waar nodig te huisves?

- Ja
- Geen
- Nie van toepassing

3.5. Veiligheid en gesondheid

Aan watter van die volgende wetgewing voldoen u boerdery?

- JA NEE Verantwoordelike persoon is volgens wetlike vereistes aangestel
- JA NEE Gevaarlike produkte is geïdentifiseer
- JA NEE Beskermende klere en toerusting is beskikbaar
- JA NEE Daar is voldoende lig in gifstore
- JA NEE Daar is voldoende ventilasie in gifstore
- JA NEE Daar is veiligheidstoerusting, bestrydingstoerusting en noodplanne teen brande
- JA NEE Higiëne word bestuur
- JA NEE Rekords is beskikbaar

3.6. Het u voorgeskrewe eerstehulp-toerusting op die plaas?

- Ja
- Onseker
- Nee

3.7. Het u 'n persoon in diens wat formele eerstehulp-opleiding ontvang het?

- Ja
- Onseker
- Nee
- Opleidingsdiens nie beskikbaar

U besonderhede

Naam kontakpersoon	
Naam van Besigheid	
Produsente Nommer	
Pos adres	
E-Pos	
Telefoon	
Selfoon	
Datum	

Vir verdere navrae/besondere kontak:

Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid-Afrika

Posbus 650

Caledon

7230

Tel: 028 212 3160

E-mail: natwool@com2000.co.za

